Wes-Kaap Onderwysdepartement
**Antoinette Venter**
Direktoraat: AOO Kurrikulum
Antoinette.Venter@westerncape.gov.za | 021 467 2501

Lêerno.: 21/2/5/2/EMS
Verwysing: 20220209-9661

Kurrikulum AOO-minuut: 0005/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

**Onderwerp: Kennisgewing van professionele ontwikkelingswerksessie vir graad 8-onderwysers in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US), nooi alle graad 8-onderwysers wat Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) aanbied om 'n aanlynopleidingskursus in Finansiële Geletterdheid, naamlik boekhouding van 'n diensonderneming, by te woon.

2. Die professionele ontwikkelingsessies vir onderwysers is daarop gemik om die onderrig van EBW in graad 8 te versterk deur kennis en vaardighede aan onderwysers te verskaf wat tans die vak in graad 8 onderrig. Die teikenmark is onderwysers wat nie Rekeningkunde in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase onderrig nie.

3. Die kursus sal deur dosente van US en die senior kurrikulumbeplanner, dr. Antoinette Venter, aangebied word. Die kursusmateriaal word deur die US, die WKOD en die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders onderskryf.

4. Die opleiding bestaan uit vier sessies en sal op die volgende datums plaasvind:

   - Vrydag, 08 April 2022 vanaf 15:00 tot 16:30
   - Vrydag, 22 April 2022 vanaf 15:00 tot 16:30
   - Vrydag, 29 April 2022 vanaf 15:00 tot 16:30
   - Vrydag, 06 Mei 20022 vanaf 15:00 tot 16:30

5. Die sessies sal in Engels en Afrikaans op die Microsoft Teams-platform aangebied word.

6. **Registrasie:**

Onderwysers word versoek om op of **vóór Dinsdag, 15 Maart 2022** aanlyn te registreer deur die volgende skakel te gebruik: https://forms.gle/Cn1aBY8VRrB4xT1F9.

7. Indien u enige verdere inligting verlang, kontak gerus die provinsiale koördineer, dr. Antoinette Venter, by Antoinette.venter@westerncape.gov.za of 021 467 2501.

8. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van graad 8-onderwysers te bring wat EBW aanbied.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2022-02-15